

Spreuke 6:1-19 ? Leef met oorleg

Soos reeds gister aangeroe, fokus hoofstuk 6:1-19 op vier vermanings teen vreemdes, luiheid, onreg en eiegeregtigheid om die seun aan te moedig om met oorleg te leef. Dit vorm deel van lewensles 8.

6:1-5 ? Wees versigtig met verbintenisse aan vreemdes

Die eerste vermaning het met borgstaan vir vreemdes te make. Dié tema sal nog 'n paar keer aangeraak word in Spreuke (11:15; 20:16) selfs ook wanneer dit nie met vreemdes verband hou nie, maar met enigiemand wat in die skuld is (22:26).

Die punt wat die pa aan sy seun maak, is dat hy versigtig moet wees aan wie hy hom verbind, veral uit die hoek van die mag wat ander dan oor jou kan hê. Sy pa wil hê dat hy vry moet wees van verpligtinge wat vanweë ander se dwaasheid op hom gelê kan word.

Dit geld uiteraard nie wanneer 'n mens vir iemand anders iets kwytskeld of as 'n geskenk gee nie. Dit het die pa reeds in sy vierde lewensles vir hom geleer, dat hy nie 'n weldaad moet weerhou van iemand wat dit toekom nie (3:27-28). Borgskap van vreemdes het egter net só 'n inherente gevaar van misleiding, waaraan die pa sê 'n mens jou net nie moet blootstel nie.

En as dit wel gebeur het? Wel, doen alles in jou vermoë om daaruit los te kom! Soebaat, pleit, selfs al kos dit jou 'n nag se slaaploosheid, sorteer dit uit!

6:6-11 ? Werk soos die miere

Wat hiermee verband hou, is dat daar net een manier is om gebrek in 'n mens se lewe te voorkom. Dit is deur harde en eerlik werk. Die pa gebruik die voorbeeld van die miere wat hulle kosvoorraad in die somer reg maak. Dit is die oestyd van die boere, wanneer daar kos op die dorsvloere beskikbaar is vir die miere. Dit is al tyd wat die miere het om dit te doen, sodat hulle kos het wanneer daar niks meer op die lande is nie. En hulle doen dit sonder iemand wat hulle voorsê.

Dit is een van die beginsels wat Stephen Covey gebruik het in sy bekende **Law of the Farm**. Jy kan nie 'n oes verwag as jy nie deeglik beplan nie, en die harde werk insit van voorbereiding, bemesting, plant, besproeiing, voeding, onkruidbestryding, beskerming teen peste ensomeer. Geen oes is moontlik sonder die harde werk wat dit voorafgaan nie.

Die pa waarsku sy seun dus teen luiheid. En hy moenie wag dat sy pa vir hom opdragte gee nie. Hy moet dit van uit innerlike oortuiging doen. Fluksheid vrywaar jou van gebrek. Gaan gerus die volgende verwysings na oor luiheid, bv 10:26 ? 'n lui mens is ?soos asyn teen die tande? vir die een wat hom opdragte gee! Daar is kostelike beskrywings in 15:19; 20:4; 24:30?34 (wat soortgelyke taal gebruik as hier); 26:13?16.

6:12-15 ? Onreg en bedrog laat jou ineenstort

Maar, die pa weet, 'n mens kan miskien nie lui wees nie, maar steeds probeer om op maklike maniere (easy power!) wins te maak. Daarom waarsku hy sy seun teen onreg en bedrog. Let op hoe hy weer oor liggaamsdele praat (soos in 4:20-27) wat nie misbruik moet word nie ? **oë, voete, vingers, hart** (vers 14: ?skelmstreke in sy hart beplan?). Daardeer maak die pa sy punt, dat sulke mense nikswerd is, en self ineen sal stort.

6:16-19 ? Waak teen eiegeregtigheid

Nog is het einde niet. Want, luiheid kan vermy word, onreg kan vermy word, om dan net vas te val in eiegeregtigheid, waar God se betrokkenheid in jou lewe misken en ignoreer word.

Hier het ons een van die talle numeriese spreuke in die boek, waar ?n lysie van dinge gemaak word wat onthou of in hierdie geval juis vermy moet word.

?Die Here haat ses dinge, nee, daar is sewe waarvan Hy 'n afsku het: **oë** wat straal van hoogmoed, 'n **tong** wat lieg, **hande** wat met bloed bevlek is, **gedagtes** (hart) wat met komplote besig is, **voete** wat net een koers ken, dié van die kwaad, 'n getuie wat lieg en iemand wat rusie stook tussen broers.?

Let op: 1) hoe weereens op liggaamsdele gefokus word om die verkeerde gedrag te illustreer, 2) hoe hierdie dinge, die dinge wat God haat, verband hou met die wet van God, die tien gebooe en 3) hoe hier uiterlike en innerlike dinge genoem word, houdings sowel as gedrag.

Soos ek reeds vroeër gesê het, hoogmoed is natuurlik in sy wese 'n hartsaak, 'n diep oortuiging, wat in jou gedrag manifesteer omdat dit in wese opstand teen die Here is. Daarom dat ek dit eiegeregtigheid noem.